

Via Afrika se
goue reëls
vir sukses




Our Teachers. Our Future.

© Via Afrika Publishers 2011

Besluit waarheen jy op pad is.
Dan sal jy VLIEG!



Ek bestuur my wêreld



Die 'dryfkrag'-masjien.

2

1 Ek is die dryfkrag in my lewe.

2 My vermoë om te studeer, sal my help in my toekomstige loopbaan.

3 My harde werk sal my beloon. Ek sal belangrike belonings in my lewe ervaar.

4 As ek hard probeer, sal ek my innerlike goud, wysheid en waagmoed vind.

5 Eksamens is 'n geleentheid vir my om uit te blink.

6 Ek is gedetermineerd om aan die gang te kom en passievol om my drome te bewaarheid.


7 Ek sal my 'dryfkrag'-masjien aan die gang kry. Ek sal leer om te vlieg.

Inhoud

Contents

1	Hoe kan jy goed in eksamens vaar?	5
2	Wat is jou leerstyl?	8
3	Hoe om goed te studeer	14
4	Studievaardighede	22
5	Hoe om jou studieprogram te beplan	42
6	Bestuur jou studie- en hersieningsprogram	44

3



Hoe om te studeer

Hierdie Studiegids is geskryf om jou alles te gee wat jy moet weet om die eksamens deur te kom en goed daarin te vaar. Gebruik dus net tien minute om die volgende paar bladsye te lees.

Die meeste leerders vaar swak in eksamens, omdat:

- hulle nie behoorlik studeer nie en nie die regte studiemetodes gebruik nie.
- hulle nie op hul doelwitte fokus nie.
- hulle nie weet hoe om behoorlik eksamens te skryf nie.



Hoe kan jy goed in eksamens vaar?

Word jou eie baas


Jy moet gedissiplineerd wees. Jy moet streng met jouself wees. Word jou eie baas. Klap die sweep!

Maak studietyd 'n gewoonte

Maak studietyd 'n gewoonte. Doen dit oor en oor. Doen dit oor 'n lang tydperk.

Neem vyf minute om te fokus

Neem vyf minute om by jou lessenaar te sit met jou studiemateriaal voor jou. Moet niks doen nie. Dit sal help om jou gedagtes te kalmeer en jou gemoed gefokus te kry.



JY KAN
DIT DOEN!



Sê totsiens vir slegte gewoontes

Hoe verhoed party van jou swak gewoontes dat jy studeer? Maak nou 'n besluit: Moenie toelaat dat slegte gewoontes jou daarvan weerhou om jou drome te bewaarheid nie.

Bly oopkop

Wanneer jy studeer, moet niks jou keer nie. Maak tyd vir studies. En bly oopkop - moenie ontsteld of

emosioneel raak nie, want dan kan jy nie gefokus bly nie.



Bly gemotiveerd

Herinner jouself gedurig hoekom jy moet studeer. Stel maklike doelwitte wat jy kan bereik. Moenie enige klasse misloop nie.



Kies 'n plek

Die plek waar jy studeer, moet gemaklik wees. Daar moenie enige afleidings wees nie. Dit moet goed belig en koel wees. Sit op 'n stoel by 'n tafel of lessenaar.



Bly geïnteresseerd

Elke vak het dele wat vervelig is. Begin jou daaglikse studietyd met die vakke en afdelings wat vir jou vervelig is. So kan jy verseker dat jy dit nie uitlaat nie. Wanneer jy 'n vak beter begin verstaan, word dit dikwels interessanter.



Wat is jou leerstyl?

- Verskillende mense leer op verskillende maniere. Ons noem dit leerstyle.
- Jy gebruik dalk 'n kombinasie van leerstyle, en nie net een nie.
- Probeer bepaal wat jou leerstyl is, en gebruik dit om jou studieprogram, jou leerplek en die toerusting wat jy nodig het om te studeer, te organiseer. Jy sal verbaas weer oor die verskil wat dit maak.



8

Wat is jou leerstyl?

Visuele leer

- Visuele leerders onthou wat hulle sien. Hulle vergeet dikwels woorde of name wat vir hulle gesê word of wat hulle gelees het.
- Visuele leerders onthou woorde en name deur diagramme en prentjies wat verduidelik wat die woorde beteken. Hulle stel prosesse en gebeure voor deur tonele, aksies en gebeure wat hulle al gesien het.
- Visuele leerders gebruik plakkate, diagramme, skyfies, demonstrasies, prente, tekeninge, films en so meer om te onthou wat hulle geleer het.



9

Gehoorder

- Gehoorleerders onthou wat hulle hoor. Hulle sê woorde hardop vir hulself en herhaal dikwels woorde hardop vir hulself.
- Gehoorleerders geniet dit om te luister, maar kan nie wag om te praat nie. Hulle aandag word maklik afgetrek deur geraas en ander klanke om hulle. Hulle volg dikwels verbale instruksies en praat met ander mense oor wat hulle besig is om te doen.
- Gehoorleerders onthou altyd name, plekke en waaroor hulle gelees of gepraat het.
- Leer vind dikwels deur groepbesprekings plaas. Hulle onthou prosesse en gebeure deur gesproke instruksies te volg of deur met mense te praat oor gebeure wat hulle ervaar het.
- Gehoorleerders leer deur hulself te hoor praat, deur te herhaal wat hulle geleer het en deur met mense te praat oor wat hulle geleer het.
- Band en oudiovisuele materiaal word dikwels gebruik om te onthou wat hulle geleer het.

10

Kinestetiese leer

- Kinestetiese leerders is altyd besig om te beweeg en dinge te doen. Hulle sit selde op een plek stil. Hulle moet 'n woord neerskryf om te sien of dit reg 'voel' voordat hulle vir jou kan sê of dit reg gespel is.
- Kinestetiese leerders leer deur te vat en vas te hou en hulle onthou die beste wat hulle gedoen het met ander mense om hulle.
- Hulle onthou deur met mense te praat en te werk terwyl hulle 'n aktiwiteit doen.
- Kinestetiese leerders gebruik dikwels liggaamsbeweging om te onthou en te leer. Hulle kan byvoorbeeld om 'n baan hardloop en gedagtes in hul koppe herhaal.
- Kinestetiese leerders beweeg die heeltid liggaamsdele wanneer hulle leer en verskuif dikwels na verskillende plekke om te leer.
- Hierdie leerders kan bande gebruik waarna hulle luister terwyl hulle beweeg en werk.

11



Verbaal-linguistiese leer

- Verbaal-linguistiese leerders onthou waarom hulle lees en praat. Hulle onthou ook wat hulle hoor. Hulle sê woorde hardop vir hulself en herhaal dikwels woorde hardop vir hulself.
- Verbaal-linguistiese leerders geniet dit om te luister, maar kan nie wag om te praat nie. Hulle aandag word maklik afgetrek deur geraas en ander klanke om hulle.
- Hulle onthou altyd name, plekke en waarom hulle gelees of gepraat het.
- Hulle volg verbale en skriftelike instruksies en praat met ander mense oor wat hulle besig is om te doen.
- Leer vind dikwels individueel en deur groepbesprekings plaas. Hulle onthou prosesse en gebeure deur daarvoor te lees, instruksies te volg of met mense te praat oor gebeure wat hulle ervaar het. Verbaal-linguistiese leerders leer deur te praat, te luister en te lees.
- Boeke, bande, debat en oudiovisuele materiaal word dikwels gebruik om te onthou wat hulle geleer het.

12



Logies-wiskundige leer

- Logies-wiskundige leerders onthou wat hulle leer deur te voorspel (te sê wat hulle dink gaan gebeur), gevolgtrekkings te maak en patrone in inligting, gedrag en gebeure waar te neem.
- Logies-wiskundige leerders gebruik redenering om te onthou en wiskunde om voorspellings aan te toon.
- Logies-wiskundige leerders hou van netheid, orde en logika.
- Hulle vergeet woorde, name of prosesse as dit nie logies en sinvol is nie. Hulle onthou woorde en name deur die logiese assosiasie van diagramme en prentjies wat verduidelik wat die abstrakte patrone beteken.
- Hulle stel prosesse en gebeure voor deur aksies van oorsaak en gevolg.
- Logies-wiskundige leerders gebruik plakkate, diagramme, demonstrasies, ondersoeke, berekeninge, statistiek, navorsing, tegniese prosesse en so meer om te onthou wat hulle geleer het.

13



Vra jouself vyf vrae af wanneer jy studeer:
hoekom; wat; hoe; wanneer en waar?

Hoekom moet hierdie vakmateriaal geleer word?

Dit is die doel van jou studies. Die belangrikste rede om te studeer, is om jou idees te kommunikeer en ander mense se idees te verstaan.

Jy leer vakke wat jou sal help:

- in jou toekomstige loopbaan
- wanneer jy 'n ouer is
- om 'n funksionele lid van die samelewing te wees
- om inligting te verwerk
- om mense se denkpatriene te verstaan
- om probleemoplossings vaardighede te ontwikkel.



Wat is die vakmateriaal wat geleer moet word?

Elke Formele Assesseringstaak (FAT) of eksamen is daar vir 'n rede – om jou vlak van sukses te meet. Vra jou onderwyser vir die werkskedule vir elke vak. Dit sal jou help om te verstaan wat om vir die eksamens voor te berei. Dit is 'n slim manier om 'n stap vooruit te wees!

Hoe moet die vakmateriaal geleer word?

Volg die ses goue reëls:

Reël 1: Moenie agter raak nie.


Reël 2: Werk deurlopend en aanhoudend.

Reël 3: Leef 'n gebalanseerde en gesonde lewe.

Reël 4: Maak seker jy verstaan namate jy vorder.

Reël 5: Doen dit nou!

Reël 6: Moenie moed verloor nie: Leer word beter en vinniger met oefening.





Wanneer moet die vakmateriaal geleer word?

Die werkskedule toon aan wat in elke kwartaal in die vak gedek word. Gebruik dit om jou te help om jou eie rooster vir huiswerk, studie en hersiening op te stel.

Instrumente vir tydbestuur

Gebruik hierdie drie beplanningsinstrumente om jou tyd te beplan:

- **Die jaarbeplanner** – om vir groot assesseringsgeleenthede (soos toetse en eksamens) te beplan en voor te berei en te sien wat geassesseer word.
- **Die dagboek** – om daaglikse items wat jy moet doen, aan te teken, en om assesseringstake en hersiening vooruit te beplan sodat dit in klein, hanteerbare take verdeel word.
- **Hersieningsrooster** – om te beplan wanneer jy afdelings van die werk gaan leer en om werk te hersien voor assesseringstake en eksamens.



Hoe om jou tyd te beplan

Ruim tyd in om:

- vakaantekeninge daaglik te hersien
- opsommings te maak
- vir lesse en aktiwiteite voor te berei
- navorsing te doen, opstelle te skryf en werkstukke te voltooi
- belangrike inligting te memoriseer
- finale voorbereiding vir toetse en eksamens te doen.

Dit neem tyd om goeie studiegewoontes aan te leer. 'n Gereelde studierooster is 'n maklike manier om 'n doeltreffende langtermyngeheue te ontwikkel.

Studierooster

Dag	M	D	W	D	V*	S	S
Oggend							
Middag							
Studeer							
Buitemuurse aktiwiteite							
Huistake							

* Maak seker dat jy een dag per week rus. Almal het dit nodig!

18

Afdeling 3

Hoe om goed te studeer



19



Doen dit nou!

Stap 1: Gebruik een en 'n half uur per weekaand vir studie. (Dit sluit nie voorbereiding vir huiswerk of tyd vir navorsing in nie.)

Stap 2: Besluit wanneer jou kernstudietyd moet wees.

Voorbeelde van kernstudietye:

Dagmens

Maandag–Donderdag: 18:30–20:00

Saterdag: 08:30–10:30

Sondag: 16:00–17:00

Aandmens:

Maandag–Donderdag: 21:00–22:30

Saterdag: 10:00–12:00

Sondag: 16:00–17:00

Stap 3: Hou by jou skedule en hou aan om dit te herhaal.

Stap 4: Jou studietyd kom eerste. Dit moet 'n prioriteit wees!

Hoe om goed te studeer

Waar moet jy studeer?

Dit is belangrik om te verseker dat jy in 'n stil omgewing studeer waar daar die minimum afleiding is.






Jy benodig die volgende

- vakmateriaal (CAPS-dokumente; aantekeninge en uitdeelstukke; handboeke, studiegidsse en opsommings wat jy in die klas gemaak het)
- steunmateriaal (vir die spesifieke vak en die vakonderwerpe: vraestelle, steunaantekeninge uit koerante en tydskrifte, DVD's, video's en bande, en so meer)
- skryfbehoeftes
- 'n stil plek by die huis waar jy kan leer
- woordeboek en tesourus
- dagboek en jaarbeplanner
- biblioteek en die internet



Denkwyses

Die meeste probleme of vrae in eksamens vereis antwoorde gegrond op sinvolle en gepaste ontleding – gebruik die vakkennis en vaardighede wat jy aangeleer het. Jou ontleding en antwoorde op vrae moet logies aangebied word en jou denke toon. Kom ons dink na oor denke.



Wat is logiese redenering of denke?

Jou denke is logies as jou redenasiepatroon sin maak. Met ander woorde, skryf neer hoe jou denke jou tot by 'n antwoord gebring het.



Gee bewyse

Dikwels is die bewyse waarvolgens ons gevolgtrekkings maak gegrond op persoonlike vooroordeel, partydigheid of onbetroubare bronne. Wanneer jy byvoorbeeld die skrywer van 'n handboek aanhaal as 'n gesaghebbende oor 'n idee, argument of voorgestelde verduideliking (dus jou bewyse vir wat jy gesê het), moet jy seker maak dat die persoon wat jy aangehaal het oor die algemeen as 'n kundige op die gebied of in die vak erken word, anders sal jou bydrae van min waarde wees.

Ander voorbeelde van mening sonder logiese redenering is:

- deur te aanvaar dat omdat twee gebeure gelyktydig plaasgevind het, die een veroorsaak het dat die ander een gebeur het
- deur bewyse te kies wat by jou vooropgesette menings pas
- deur te beweer dat sommige dinge waarhede is omdat 'n persoon in 'n gesagsposisie so sê
- toutologie, met ander woorde deur dieselfde ding in ander woorde te sê.





Ken jou woorde

Helder denke verg 'n duidelike begrip van die betekenis van woorde, anders kan jou gevolgtrekkings dalk verkeerd wees.

Bly oopkop (wees ontvanklik)

Maak seker dat jy vir jouself kan dink. Jy het 'n oopkop nodig wat by verskillende kontekste en kwessies kan aanpas sonder dat jy jou logiese redeneervermoë verloor. Dit is 'n waardevolle vaardigheid wat aangeleer kan word deur vanuit verskillende invalshoeke of perspektiewe na kwessies te kyk en redeneervaardighede toe te pas.



Onontvanklike denkers

- hou van sekerheid, selfs al lei dit tot onlogiese aannames
- hou nie van verwarrende konsepte nie, en sal dus dikwels eenvoudige antwoorde op ingewikkelde kwessies aanvaar
- vorm gou vaste idees en hou nie daarvan om van plan te verander nie
- aanvaar of oorweeg nie maklik nuwe idees of alternatiewe standpunte nie, omdat hulle nie dubbelsinnige situasies of kwessies kan verklaar nie
- sien 'n verandering van plan as 'n teken van swakheid; is geneig om baie veroordelend te wees, maar is tog totaal ongeneë tot kritiek oor hul eie gewaardeerde menings
- beskou 'n onderwerp as afgehandel sodra hulle hul eie perspektief of mening gevorm het
- is geneig om die wêreld te beskou as reg of verkeerd, goed of sleg, swart of wit – daar is geen ruimte vir kompromis of 'n tussenweg nie
- ontwikkel gestruktureerde, meganiese denkprosesse wat nie by veranderende omstandighede kan aanpas nie; plaas dinge in streng kategorieë, en weier om logiese alternatiewe tot hul kategorieë te oorweeg
- is geneig om negatief en oormatig krities te wees teenoor alles waarmee hulle nie saamstem nie.



Ontvanklike denkers

- kyk vanuit verskillende invalshoeke na dinge
- hou daarvan om nuwe idees en konsepte te ondersoek
- het selde vaste menings oor sake, aangesien hulle verstaan dat menings tydelik is en kan verander op grond van nuwe feite
- sukkel nie om 'n mening te verwerp as dit nodig sou wees nie
- vermy etikettering en ander vorme van kategorisering en voel nie onseker wanneer hulle voor onbekende konsepte of idees te staan kom nie
- floreer met nuwe uitdagings van menings wat vroeër bestaan het
- besef dat elke saak talle kante het en dat daar nie net een 'regte' antwoord op alles is nie
- gee konstruktiewe, positiewe kommentaar wanneer hulle nie oor 'n onderwerp saamstem nie en kwalifiseer bewerings om die veelfasige aard van elke saak te weerspieël (hulle sal dus iets sê soos 'Dit lyk of X doeltreffender is' eerder as 'X is duidelik reg')
- het 'n positiewe, bemoedigende algehele houding teenoor die lewe.



Kreatiewe, laterale, oorspronklike denke

Kreatiewe of laterale denke is nuttig om probleme op te los wanneer normale, opvolgende logiese redenering nie tot 'n oplossing lei nie. In hierdie soort denke word 'n probleem vanuit alle moontlike invalshoeke benader, selfs maniere wat onlogies of verregaande is. Die klem is op 'n oplossing, en nie op die stappe wat gedoen is om die oplossing te bereik nie.

Die OVLOK-H-geheim tot studiesukses



30


Maniere om te lees

Vluglees

- Om 'n algemene idee van die boekuitleg en inhoud te kry voordat dit meer deeglik bestudeer word
- Om te sien of die boek geskik is vir jou behoeftes (byvoorbeeld, vir 'n navorsingstaak)
- Om 'n spesifieke onderwerp of die antwoord op 'n spesifieke vraag te kry.

Noukeurige lees

Daar word oor elke woord nagedink. Dit is die soort lees wat jy moet doen wanneer jy jou eksamenvrae, assesseringstake, opstelonderwerpe en gevallestudies lees. Lees vroe noukeurig, en lees dit dan weer om seker te maak jy verstaan reg. Baie leerders verloor punte omdat hulle eksamenvrae of assesseringsonderwerpe verkeerd lees. As dit jou help, kan jy jou eie aantekeninge, opsommings of konsepkaarte maak – wat ook al nodig is om op die inhoud en belangrike punte wat geleer moet word, te fokus.



A) Vluglees-straler



B) X-straaig vir noukeurig lees

31





Die OVLOK-H-metode (lees om te memoriseer)

Dit is moeilik om uit aantekeninge, 'n handboek, e-boek of niefiksieboek te studeer. Jy moet dalk 'n belangrike artikel memoriseer of 'n hoofstuk in 'n boek op baie kort kennisgewing leer. In hierdie gevalle beveel ons die bekende OVLOK-H-metode aan.

OVLOK-H staan vir:

O – oorsig
V – vrae stel
L – lees
O – opsê
K – kontrole
H – hersien




Stap 1: Oorsig


Doen vluglees soos onder Vluglees hierbo beskryf.

Stap 2: Vrae stel


Vra jouself af watter hoofpunte die outeur probeer stel. Probeer op hierdie stadium om te voorspel hoe die persoon die saak of kwessie gaan beredeneer of sy/haar logika gaan aanbied. Vra die belangrikste vrae, soos: Wat? Hoekom? Waar? Wanneer? en Hoe? Jy kan jou bevindings opsom om later weer te gebruik. Soms moet jy jou voorkennis of vorige leer gebruik om leemtes te vul.



(A) Oorsig-straler




(B) Vraagswaard



Stap 3: Lees

Lees die hoofafdelings ten minste twee keer deur. Kyk uit vir logikafoute of vooroordeelde verhoudings wat nie deur betroubare bewyse of vakbeginsels/-wette ondersteun word nie. Maak seker dat jy die inligting verstaan en die kernkonsep of -saak van die argument kan identifiseer. Dit is dalk nodig om die inligting 'n derde keer of selfs meer te lees totdat jy dit heeltemal verstaan.




(B) X-straa sig vir noukeurig lees




Stap 4: Opsê

Maak nou die boek toe en herhaal die hoofpunte, -konsepte of -argumente wat aangebied word vir jouself, en maak 'n kort opsomming daarvan met behulp van grafika of 'n konsepkaart. Tabelle, diagramme en lyste is ook belangrike instrumente wat gebruik kan word. Moenie probeer om die artikel of inligting woord vir woord te memoriseer nie. Herhaal jou eie kritiek en oplossings tot die argument vir jouself. Dit is 'n goeie idee om aantekeninge van jou kritiek te maak as deel van jou opsomming. As jy dit nie bevredigend kan doen nie, lees die inligting weer en herhaal die prosen. Hierdie is die tydrawendste deel van die memoriseerproses en is die kernfokus van jou studierooster. Dit help jou om die inhoud sinvol te verstaan, en wanneer jy dit verstaan, sal jy die probleemoplossingspatrone onthou vir toekomstige gebruik.



(A) Flinkdink-straalpistool



(B) Opsê-megafoon




Stap 5: Kontrole


Herhaal nou die werk in jou kop of beantwoord 'n vraestel oor die werk om seker te maak jy ken en verstaan dit goed. Jy kan ook hoofpunte neerskryf om te toets of jy jou werk ken.

Stap 6: Hersien

Wanneer jy tevrede is dat jy die outeur se argumente bemeester het en jou kritiek (of ondersteuning) verwoord het, moet jy nog een keer stadig deur die inligting lees en aantekeninge maak van enige belangrike punte wat jy dalk gemis het. So maak jy seker dat jy die inligting reg verstaan het.



(A) Holografiese hersieningstel



(B) X-straaIsig vir noukeurig lees

**Lees om te studeer: Verklaar en verstaan**

Opsommende aantekeninge word uit die handboek gemaak en by jou onderwyser se klasaantekeninge gevoeg (waar nodig), of onduidelike dele van jou aantekeninge word herskryf ten opsigte van die insigte wat jy bekom het deur die handboek te lees.

Lees om te verwerk

Dit is 'n proses van stadige, doelbewuste en deurdagte lees en herlees om logiese, ingeligte en analitiese kommentaar en kritiek op alle aspekte van die werk wat jy bestudeer het, te kan lewer. Hierdie soort lees word gewoonlik gedoen met 'n potlood in die hand, sodat jy jou reaksies en kommentaar kan aanteken namate jy vorder. Gebruik kantaantekeninge om jou met opstelle en ter voorbereiding vir die eksamens te help. Inligtingskaarte kan ook gemaak word as die inligting langtermynwaarde het en die bron waardevol is.



(A) Eksamengrens-gereed

Woordeskat


'n Doelbewuste, beplande poging moet aangewend word om jou woordeskat uit te brei met woorde wat eie is aan die Lewenswetenskappe, of die vak wat jy bestudeer. As jy 'n nuwe woord teëkom (of een wat jy nie verstaan nie), moet jy dit dadelik in jou woordeboek naslaan. Ontwikkel jou eie woordelys.

'n Goeie tesourus is 'n nuttige hulpmiddel om jou woordeskat uit te brei. Hierdie woorde is deel van alledaagse begrip en kommunikasie. Dit kan gedoen word deur jou eie lys van woorde en definisies te skep wat saam met jou aantekeninge en opsommings bewaar word.

Jy moet hierdie woorde in jou besprekings, take en antwoorde op eksamenvrae gebruik om aan te toon dat jy weet wat hulle beteken en hoe hulle gebruik word.

(A) Supergeheueskyfie

(B) My beplanningstel



38

(A) Onuitwisbare breinpen

Aantekeninge

Wanneer jy aantekeninge maak, moet jy verkieslik verskillende kleure gebruik om:

- te onderstreep
- met 'n glimpen uit te lig
- sleutelwoorde te omring
- hoofpunte op te som
- diagramme te teken en breinkaarte en opsommings te maak.

Geheuehulpmiddels

Gebruik geheuehulpmiddels soos:



- vloiediagramme
- sleutelwoorde
- kleure en prentjies
- simbole
- geheueleer ('n woord of kort gedig of sin om leerders te help onthou)

(C) Eksamengrens-gereed

breinkaartmaat

(A) Breinkaartmaat

(B) Sleutelterm-vakdekordeerder



39

Skryf


Skryf is die uitdrukking van jou denke op papier of skerm. Maak seker dat jy jouself duidelik kan uitdruk.

Om jou skryfwerk na te gaan, moet jy lees wat jy geskryf het, en dan vra 'Wat bedoel ek?'

As jy 'n sin, paragraaf of 'n opstel geskryf het, lees dit weer deur en vra jouself af of dit presies sê wat jy in jou gedagtes wou sê. Indien nie, herskryf totdat dit wel jou denke weergee.

Skryf netjies

Leerders kan baie punte in eksamens verloor as die nasieners nie hul slordige handskrif kan lees nie. Skryf netjies – dit help!



A Skryf v' my-pen

Gebruik van 'n vloeibare uitwisser (Tippex)

Moenie Tippex in eksamens gebruik nie. Trek eerder dood wat jy geskryf het as jy van mening verander het. Gebruik rofwerkpapier om berekeninge te doen, indien nodig.

Al doende leer 'n mens

'n Mens leer deur te doen, en dus is dit baie belangrik dat jy oefeninge doen wat:

- jou sal help om elke vak te verstaan
- jou geheue sal verbeter
- jou vaardighede sal ontwikkel
- jou leer- en werkspoed sal verbeter.



A Leer & werkspoedmeter





- Verstaan jy hoe jou geheue werk en ontwerp jou leeraantekeninge en opsommings op 'n manier wat jou leerstyl ondersteun.
- Motiveer jouself deur positief te dink en op jou positiewe denke te reageer.
- Sê vir jou gesin en vriende dat jy besig is om te studeer. Jy moet dalk eers 'n paar huistake voor jou studietyd afhandel. Beplan vir huistake in jou rooster sodat jy al jou verantwoordelikhede kan nakom.
- Ontspan gemaklik en nadenkend in 'n ruimte met vars lug en helder lig en genoeg ruimte vir jou om te werk.
Studeer vir jouself!
- Gebruik ou eksamen vraestelle om jou te help.
- Beplan jou studierooster lank voor assesseringsdatums.



Hier is 'n paar riglyne om jou te help om jou studie- en hersieningsprogram te bestuur.

Studeer-/hersieningsoefeninge

- Probeer om op jou eie te beantwoord
- Vat 'n ruskans
- Probeer dan weer.
- As jy dit steeds nie kan beantwoord nie, vra familie, vriende, studiegroep, onderwyser/tutor.

Vereistes

- Wees positief en gemotiveerd.
- Weer gedissiplineerd en georganiseer.
- Studeer gereeld.
- Hou by jou rooster.
- Hou aan om hard te werk.
- Moenie toelaat dat jou aandag afgelei word nie.
- Studeer in 'n kalm omgewing.
- Sit geskikte studie-ure opsy.
- Neem genoeg kort ruske.
- Oefen gereeld.
- Eet gesond.
- Slaap gereeld.

Lees

- Vluglees: identifiseer hoofopskrifte
- Prente: kyk vinnig na prente en diagramme
- Vrae: Hoekom? Waar? Wat? Wanneer? Hoe? Wat daarvan?
- Lees: verander jou pas; kies hoofpunte; slaan moeilike woorde na
- Onthou: maak aantekeninge
- Hersien aantekeninge of leer weer; opsommings, breinkaarte, ummaries; mind maps.

Maak aantekeninge

- Onderstreep; lig uit; som hoofpunte op; teken diagramme; maak breinkaarte-opsommings

Doen oefeninge

- Help met begrip; verbeter geheue; ontwikkel vaardighede; verbeter spoed

SELF-STUDIE

Doelwitte

- Leer vaardighede aan
- Doen kennis op
- Waardeer waardes
- Ontwikkel regte houdings

Voordele

- Leer jou om:
- te dink
- te konsentreer
- gedissiplineerd te wees
- te analiseer
- waar te neem
- te organiseer.

Moontlike nadele

- Werk alleen
- Geen groepinteraksie
- Geen onderwyserinteraksie
- Geen vrae word beantwoord nie
- Afsleidings en chaos

Hoe om dit te oorkom?

LEI TOT BEGRIP

Vir doeltreffende leer:

- SIEN, SÊ, HOOR, SKRYF.

Geheue-hulpmiddels


- Vloeikaarte; sleutelwoorde; kleure; prente; simbole; geheueleer

Hersiening

- As jy feite net een keer leer, vergeet jy dit gou.
- Hersien gereeld: jy sal dit vir lank onthou.

DOELTREFFENDE STUDIEMETODES

- 1 ---• Maak opsommende aantekeninge die hele jaar deur as deel van jou huiswerk. Maak meer afgeronde aantekeninge tydens jou studietyd.
- 2 ---• Wys spesifieke ure in die dag toe vir die hersiening van die dag se werk.
- 3 ---• Probeer om nie meer as twee vakke per dag te hersien nie.
- 4 ---• Eet ordentlik. Voedsame kossoorte wat 'breinkos' verskaf, is volkoringkos, vrugte en groente. Probeer om min koolhidrate en soetgoed te eet, aangesien dit jou oorlaai met energie wat nie gebruik word nie, wat tot hiperaktiwiteit en swak slaap lei.
- 5 ---• Neem gereeld ruskanse om jou brein toe te laat om na te dink oor wat jy geleer het. 'n Kort ruskans van 'n paar minute elke halfuur of so stel jou liggaam in staat om te beweeg, jou oë om te ontspan en jou brein om inligting te verwerk.
- 6 ---• Gebruik diagramme of grafiese organiseerders wat by jou leerstyl pas sodat jy inligting kan koppel aan ander inligting wat jy vroeër geleer het. Dit is 'n goeie manier om terug te gaan na wat jy geleer het en so by te voeg tot die nuwe inligting wat jy leer. Uiteindelik sal jy met 'n oogopslag kan sien hoe al jou leerwerk soos 'n legkaart inmekaar pas.
- 7 ---• Toets jouself gereeld met assesseringsvrae en -antwoorde.
- 8 ---• Kweek die gewoonte om jou antwoorde rofweg op rofwerkpapier te beplan.
- 9 ---• Werk volgens die horlosie. Oefen jou ... met tyd- en puntetoekennings.
- 10 ---• Probeer om goed te slaap.





Om sukses te behaal, is dit onder andere belangrik dat jy weet wat elke vraag van jou verwag. Elke assesseringsinstrument, eksamenvraestel of assesseringstaak is gestruktureer om uit te vind of:


- a** die assesseringstandaarde vir elke leernitkomste bereik is.
- b** konsepte wat met kennis, vaardighede, waardes en houdings te make het, geleer is en begryp word.
- c** 'n verskeidenheid denkkategorieë uitgevoer kan word – van herroeping tot begrip, toepassing, ontleding, sintese en evaluering – in bekende en onbekende situasies. Dit staan bekend as die kognitiewe vlak van denke en probleemoplossing.
- d** gepaste taal en vakvaardighede begryp word en gebruik kan word



Die tabel hieronder wys hoe vrae in jou assesseringstake georganiseer word.

Kategoriernaam	Besonderhede van itemherkenning
Kennis	Items wat bloot die oproep van feitelike inligting assesseer.
Begrip	Items wat meer as die vorige groep vereis en die begrip van roetine- en bekende materiaal assesseer.
Interpretasie Verbaal Numeries	Byvoorbeeld: verbaal simbolies Byvoorbeeld: verklarings en skriftelike paragrawe Byvoorbeeld: standaardoefeninge
Toepassing	Items wat die toepassing van abstrakte begrippe en veralgemenings op nuwe, onbekende situasies vereis.
Hoër vaardighede	Items wat die volgende vereis: (a) Ontleding van data en patroonherkenning (b) Sintese van data (c) Evaluering van data teen kriteria


Elke vraag in hierdie boek word op dieselfde manier beoordeel. Die tabel hierbo en op die volgende bladsy sal jou help om te weet wat die moeilikheidsvlak van die vrae is en om te verstaan wat van jou verwag word.



Hierdie tabel verskaf algemene woorde wat in vrae gebruik word.

Herroeping van kennis en vaardighede	Begrip van kennis en vaardighede	Toepassing van kennis, vaardighede en begrip	Ontleding van eksperimentele/onderzoekende probleme en gevallestudies	Sintese en evaluering van kennis en vaardighede
definieer beskryf identifiseer lys stel noem meet bereken vind	illustreer beskryf in hooftrekke vergelyk stel teenoor mekaar tabuleer verklaar	bepaal beraam klassifiseer skets pas toe	bespreek onderskei ontleed vors na ondersoek	voorspel lei af som op stel voor assesseeer evalueer

Die woordelys hieronder en op die volgende bladsy hou met Lewenswetenskappe verband en sal jou help om te verstaan wat 'n eksaminator van jou verwag wanneer jy toets- of eksamenantwoorde neerskryf. Jou onderwyser moet geleenthede tydens jou formatiewe klaskamerassesseringstake en -aktiwiteite gee om die betekenis en gebruik van hierdie woorde te leer.



Herroeping van kennis, vaardighede en begrip

Definieer

Gee die presiese betekenis van 'n term of konsep in jou eie woorde of met wiskundige simbole (bv. Definieer die term 'osmose')

Beskryf

Beskryf 'n proses/struktuur/verskynsel/ondersoek in hooftrekke in jou eie woorde. Diagramme kan gebruik word indien dit gevra word (bv. Beskryf hoe transpirasie voorkom)

Identifiseer

Kies of sonder uit vanuit ander inligting (bv. Identifiseer deel X in die diagram)

Lys

Sê kortliks en puntsgewys of onder mekaar (bv. Lys vier dele wat die borsholte beskerm)

Stel

Gee of sê, sonder enige ondersteunende argumente (bv. Stel drie redes hoekom dit nodig is om besoedeling te beheer)

Noem

Verhelder 'n punt (bv. Wat is die hoof funksies van proteïene?)

Meet

Vind 'n hoeveelheid deur 'n geskikte meetinstrument te gebruik (bv. Meet die gesigsveld van 'n mikroskoop onder laekrag-vergroting)

Bereken

Gebruik wiskunde om 'n antwoord uit te werk. Toon jou berekeninge, veral waar twee of meer stappe betrokke was (bv. Bereken die hoeveelheid water wat in die grondmonster teruggehou word)

Vind

Bereken, meet of bepaal (bv. Vind die massa van die grondmonster wat verskaf is)



Begrip van kennis en vaardighede

Illustreer

Gebruik voorbeelde of diagramme om 'n punt of eienskappe te beskryf (bv. Illustreer predasie met behulp van voorbeelde of illustreer die eienskappe van 'n plantsel met behulp van 'n diagram)

Beskryf in hooftrekke

Gee 'n kort beskrywing van die hoofaspekte of -eienskappe deur net noodsaaklike inligting te noem (bv. Beskryf die proses van mitose in hooftrekke)

Vergelyk

Noem sowel die algemene ooreenstemmings as unieke verskille tussen voorwerpe, konsepte, verskynsels of prosesse (bv. Vergelyk die struktuur en funksie van parenchium met xileemweefsel)

Stel teenoor mekaar

Verskaf slegs die verskille tussen voorwerpe, konsepte, verskynsels of prosesse (bv. Stel die bloedsomloopstelsel teenoor die limfstelsel)

Tabuleer

Bied verskille in 'n visuele tabelstruktuur aan en dui die antwoorde as direk verwante pare data aan. Punte word afgetrek as jou antwoord nie getabuleer is nie (bv. Tabuleer die strukturele verskille tussen dier- en plantselle)

Verklaar

Gebruik jou eie woorde om voorwerpe, konsepte, verskynsels of prosesse deur redenering te beskryf, deur na teorie, feite en modelle te verwys – na gelang van die konteks (bv. Verduidelik hoe fossilerings voorkom)

51

Afdeling 6

Hoe om vrae te verstaan

Toepassing van kennis, vaardighede en begrip

Bepaal

Vind 'n grootheid wat nie direk deur berekening gemeet kan word nie deur gemete of bekende waardes of ander grootte in 'n standaardformule te plaas (bv. Bepaal die werklike grootte van die sel in die mikrograaf wat verskaf is)

Beraam

Maak 'n logiese berekening nadat jy patrone in data waargeneem het en daarvoor nagedink het (bv. Beraam die hoeveelheid eiers wat twee pare arende sal voortbring as elke parende paar gewoonlik twee eiers voortbring)

Klassifiseer

Groepeer data, beskrywings, voorwerpe of


prosesse volgens gedeelde en unieke kenmerke of eienskappe (bv. Klassifiseer die volgende organismes met behulp van die verklarings wat verskaf word)

Skets


Gee 'n rowwe uitleg, hetsy skriftelik of geteken. In 'n grafiek kan die vorm en/of posisie van die kromme rofweg geteken word. Sekere aspekte moet egter korrek wees, soos die lyn deur die oorsprong of die snyafstand. In diagramme impliseer 'n skets dat 'n eenvoudige, vryhandtekening aanvaarbaar is, maar skenk aandag aan verhoudings en belangrike besonderhede (bv. Skets die effek van temperatuur op die koers van 'n ensiemreaksie)

Pas toe

Gebruik kennis en redenasie om 'n kwessie of probleem te verstaan en bied 'n sinvolle besluit of oplossing aan (bv. Pas jou kennis van kloning toe om die probleem van globale voedseltekort op te los)



52



Ontleding van eksperimentele/ondersoekende probleme en gevallestudies

Bespreek

Verduidelik krities sowel die positiewe as die negatiewe punte in 'n onderwerp (bv. Bespreek die oorsake en effekte van wanvoeding)

Onderskei

Identifiseer die eienskappe van twee of meer verskillende idees, konsepte of kwessies (Bv. Onderskei tussen die flora en fauna wat in fynbos voorkom en hoe hulle 'n tekort aan water en hitte hanteer)

Ontleed


Verdeel 'n kwessie of probleme in dele ten einde dit te verstaan, deur belangrike data en inligting te herken en jou kennis en begrip van verskynsels, beginsels en modelle toe te pas (bv. Ontleed die inhoud van 'n daaglikse dieet)

Vors na

Soek bewyse om 'n probleem, verskynsel, beginsel of model te verklaar en te ontleed (bv. Vors die voedingsinhoud van 'n onbekende oplossing na)

Ondersoek

Verdeel 'n kwessie of probleem in dele ten einde dit te verstaan (bv. Ondersoek die houding van mense teenoor die gebruik van kloning)



Sintese en evaluering van kennis, vaardighede en begrip in eksperimente, ondersoek, probleemoplossing en hipotesetoetsing

Voorspel

Trek 'n logiese verband tussen verskillende dele inligting (bv. Voorspel die hoeveelheid water wat deur transpirasie vanaf die blaaroppervlak teen 14:00 verlore sal gaan uit die grafiek wat verskaf is)

Lei af

Trek 'n logiese verband tussen verskillende dele inligting met 'n ondersteunende stelling (bv. Lei uit die data af waarom bladwisselende blare hul kleur in die herfs verander)

Som op

Verkry die hoofpunte uit 'n komplekse stel data (bv. Som die effek van ensiem-aktiewe waspoeier op die verwydering van vlekke op)

Stel voor

Pas jou kennis op 'n 'nuwe' situasie toe om 'n sinvolle verklaring vir 'n patroon of verskynsel te gee (bv. Stel 'n moontlik rede voor vir die oorsaak van droogte)

Assesseer

Verduidelik die sterk en swak punte van data en inligting oor 'n kwessie (bv. Assesseer die standpunt en begrip van verskillende mense oor die oorsake van wanvoeding)

Evalueer

Ontleed 'n kwessie of probleem, en weeg dan die belangrikheid van verskillende standpunte of standarde op en gee redes daarvoor (bv. Evalueer die verskillende verklarings vir die uitsterwing van organismes in die geskiedenis van die Aarde)




Hersiening

As jy feite vinnig leer, sal jy dit vinnig vergeet. Dit is omdat hierdie feite in jou korttermyngeheue is. As jy gereeld jou werk hersien, sal jy feite vir lank onthou en sal dit deel van jou langtermyngeheue word. Dit is hoekom jy moet studeer – sodat jou langtermyngeheue jou vir die res van jou lewe met inligting kan help.

Wanneer jy hersiening doen, moet jy:

1. Vrae op jou eie beantwoord, sonder enige hulp.
2. 'n Ruskans neem en dan weer probeer as jy by dele kom wat moeilik is.
3. As jy steeds nie vrae kan beantwoord of take kan uitvoer nie, stel dan vrae aan jou onderwysers, ander leerders of ander ingeligte mense. Dit sal ook help as jy verdere leeswerk of navorsing doen deur van verskillende inligtingsbronne en boeke gebruik te maak.



Stel jou eie vrae

Jy moet ook jou eie vrae formuleer of nadink oor watter soort vrae gevra kan word en hoe dit gevra kan word.

Gebruik ou eksamen vraestelle

'n Versameling ou eksamen vraestelle kan jou wys hoe kennis van jou vak in die verlede getoets is. Jy sal vertrou raak met die manier waarop vrae gevra is en ook met moontlike moeilike vrae.

Wanneer jy eksamen vraestelle deurwerk, moet jy dit in eksamenomstandighede doen en jouself genoeg tyd gee sodat jy moeilike dele weer kan deurwerk.

Eksamenkontrolelys

Jy moet vol selfvertroue in 'n eksamenlokaal kan instap. Werk deur hierdie kontrolelys om te sien of jy voorbereid en gemaklik is en in staat daartoe is om jou beste te lewer:



Maak seker jy weet op watter dag die assesseringstaak of eksamen geskryf word, asook waar en hoe laat dit geskryf word.



Maak seker dat jy die nodige skryfbehoeftes en ondersteuningsmiddele het, soos 'n sakrekenaar en 'n horlosie.



Maak seker dat die regte vak op die eksamenvraestel aangedui word.



Lees deur die eksamenvraestel voordat jy enige vrae begin beantwoord. Dit sal jou help om te kalmeer omdat jy dan weet watter soort vrae in die vraestel gevra word.



Lees die instruksies noukeurig. Jy word dalk toegelaat om opsionele vrae te beantwoord. Jy wil tog nie tyd mors deur onnodige vrae te beantwoord nie.



Bereken hoeveel tyd jy aan elke vraag kan spandeer. As 'n vraag 50 uit 150 punte tel, en jy skryf 'n twee-uur-eksamen, dan:

$$\frac{120 \text{ minute} \times 50 \text{ punte}}{150} = 40 \text{ minute vir daardie vraag}$$

Dit beteken 1 minuut en 15 sekondes word aan elke punt in die vraestel spandeer.



Wys tyd en belangrikheid aan elke vraag toe. Beantwoord eerste die vrae wat jy kan, en daarna die ander. Onthou om die antwoorde duidelik met die regte vraagnommers te merk.



Wanneer jy mag begin skryf, omkring, onderstreep en verhelder sleutelwoorde in die vrae sodat jy gefokus bly op wat die vrae vra.



Skryf sleutelwoorde, formules of geheuebrûe langs die betrokke vraag neer soos jy daaraan dink.



Begin eerste met die vrae wat jy goed ken.



Gebruik jou tyd goed. As jy byvoorbeeld vind dat jy een vraag besonder goed beantwoord, spandeer eerder 'n ekstra vyf minute aan daardie vraag en staan eerder hierdie tyd af wanneer jy 'n ander vraag beantwoord wat jy nie so goed ken nie.



Los genoeg oop spasies vir vrae wat jy nie dadelik kan doen nie. Jy kan later na hierdie vrae terugkom.



Moenie in die versoeking kom om die lokaal vroeër te verlaat nie. Gebruik die volle tyd wat vir die eksamen toegewys is.



Voordat jy jou antwoordstel indien, maak seker dat jou antwoorde reg genommer is en dat die vak, getal antwoordstelle gebruik en jou eksamennommer duidelik en korrek daarop verskyn.



Ek sal die held van my eie lewe wees.
My lewensreis is my eie
verantwoordelikheid.
Ek glo in my vermoë om te oorwin.
Ek kan my innerlike vrese oorkom.
Eksamens is my geleentheid om te vlieg!